


REKENINGKUNDE 11

VOORRAAD STELSELS

WAT IS N VOORRAADSTELSEL?

- n Voorraadstelsel is n administratiewe stelsel wat die beweging van voorraad deur die onderneming monitor en aanteken vanaf die tyd dat dit aangekoop word tot die tyd dat dit verkoop word.



DEURLOPENDE VOORRAADSTELSEL

- Deurlopend beteken voortdurend, wat beteken dat die saldo van die Handelsvoorraad rekening voortdurend aangepas word om die waarde (KOSPRYS) van die fisiese voorraad aan te dui.
 - Voorraad aangekoop → DT Handelsvoorraad
 - Voorraad verkoop → KT Handelsvoorraad met kosprys
 - Vervoerkoste van voorraad → DT Handelsvoorraad
 - Voorraad terug gebring → DT Handelsvoorraad
 - Voorraad terug gestuur → KT Handelsvoorraad
 - Saldo = waarde van beskikbare voorraad

PERIODIEKE VOORRAADSTELSEL

- Periodiek beteken periode, dit impliseer dat die waarde van die voorraad voorhande eers aan die einde van n tydperk bepaal sal word.
 - Aankoop van voorraad → DT Aankope
 - Verkoop voorraad → Verkope; kosprys kan nie bepaal word nie, geen inskrywing vir voorraad
 - Addisionele kostes → DT Vraggeld / Doeanekoste
 - Voorraad terug gebring → Debiteure-afslag; kosprys kan nie bepaal word nie, geen inskrywing vir voorraad
 - Voorraad terug gestuur → KT Aankope
 - Voorraad moet fisies getel word om waarde te kan bepaal

VOORRAADOPNAME

DEURLOPEND

- Interne beheermaatreël
- Vergelyk waarde volgens fisiese voorraadopname met saldo van Handelsvoorraad
- Verskil
 - Tekort ($HV > Voorraadopname$)
 - Surplus ($HV < Voorraadopname$)

PERIODIEK

- Om waarde van voorraad voorhande te bepaal
- Moeilik om voorraad verliese te bepaal
- Handelsvoorraad beginsaldo = Beginvoorraad
- Handelsvoorraad eindsaldo = Eindvoorraad (volgens voorraadopname)

KOSTE VAN VERKOPE

DEURLOPEND

$\text{Verkoopprys} \times 100 / (100 + x)$

PERIODIEK

Beginvoorraad + Aankope –
terugsendings + Vraggeld +
Doeanekoste - Eindvoorraad

WATTER STELSEL MOET EK KIES?

DEURLOPEND

- Duur voorraad
- Lae voorraadomset
- Ingewikkelde stelsel
- Vereis duur rekenaartoerusting
 - skandeerders

PERIODIEK

- Groot verskeidenheid produkte
- Nie lonend om elke item se kosprys deurlopend te bepaal
- Winsopslag nie dieselfde vir alle produkte nie
- Hoë voorraadomset
- Goedkoop om hierdie stelsel te bestuur, vereis nie duur rekenaartoerusting nie



BOEKHOU STELSEL

HOE WORD
VOORRAAD
AANGETEKEN?